

Karoo en sy vroue het skrywer aangegryp

26 Januarie 2019 11:00

<https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/karoo-en-sy-vroue-het-skrywer-aangegryp-20190125>



Die skrywer Carol Campbell woon tans in Skotland.

Carol Campbell se reis met die vroue van die Karoo het begin met Muis en Witpop in haar roman *Karretjiemense*. Toe was daar Ester, Katjie en Liedjie in 'n *Huis vir Ester*. Nou, in *Die skilpad se laaste traan*, soek Siena veiligheid

in Seekoegat, 'n byna vergete nedersetting iewers tussen Beaufort-Wes, Prins Albert, Klaarstroom en Willomore.

Siena hardloop in 'n donker nag al met die spoor langs van die Karooskilpad, die oerdier wat al eeue lank die barre landskap met hom saamdra en net één traan in sy lewe stort.

Campbell, voorheen joernalis en nuusredakteur van *The Argus*, *Cape Times*, *The Mercury*, *Sunday Tribune* en *Daily News*, het die Karoo en sy mense leer ken toe sy en haar gesin in 2000 na Prins Albert getrek het. Sy en haar man, Colin, het daar 'n vulstasie bedryf.

In 2012 het hulle na Durban verhuis en twee jaar gelede het hulle na Lerwick in Shetland, 'n eilandgroep tussen Skotland en Noorweë, sowat 14 uur per veerboot na Aberdeen in Skotland, getrek.

“Die Karoo is een van die mooiste omgewings ter wêreld, waar die stilte eg is, met 'n skoonheid wat lê in die blou van die lug, in die vorm van die koppies en die buitelyn van die Swartberg. Die mooi lê ook by jou voete – in die klein plantjies wat sonder water oorleef, in die rotsformasies en die klippe, in die ongelooflike, amper onsigbare dierelewe.”

Tussen die Groot-Karoo en die nuwe tuiste van die Campbells en hul twee seuns, Stuart en David, lê daar 10 000 km – met die verskil in landskap opvallend.

Die Swartberg oorheers die Groot-Karoo, waar Campbell se verhale afspeel, teenoor Shetland wat deur die Noordsee aan die een kant en die Noord-Atlantiese Oseaan aan die ander kant begrens word. “Maar, soos die Karoo, is Shetland 'n omgewing met golwende, boomlose heuwels en skape.”

Colin se ouers is Skots en hy wou graag die lewe in Skotland beleef, sê sy.

“Ek is weer een wat nooit nee sê vir avontuur nie. Ons het nie een enkele mens hier geken nie.”

Tog is dit die Karoo wat die diepste indruk op Campbell gemaak het en gelei het tot *My Children Have Faces*, *Esther's House* en *The Tortoise Cried Its Only Tear*, wat almal deur Kirby van der Merwe in Afrikaans vertaal is.



Die omslag van Carol Campbell se boek, *Die skilpad se laaste traan*, wat deur Kirby van der Merwe in Afrikaans vertaal is.

“Die Karoo is een van die mooiste omgewings ter wêreld, waar die stilte eg is, met ’n skoonheid wat lê in die blou van die lug, in die vorm van die koppies en die buitelyn van die Swartberg. Die mooi lê ook by jou voete – in die klein plantjies wat sonder water oorleef, in die rotsformasies en die klippe, in die ongelooflike, amper onsigbare dierelewe.”

Dis dié landskap wat die kern van haar vrouekarakters vorm. “Toe ons die vulstasie gehad het, het ek die mense van die omgewing goed leer ken. Ek het hul lyding gesien, die historiese las op hul skouers – dis die pogings om uit armoede en ongeletterdheid te breek.”

Haar denke oor die vroue van die Karoo “spruit uit ’n enkele gesprek destyds met prof. Brian O’Connell, afgetrede rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland. Hy was toe LUR vir onderwys en ek was die *Argus* se onderwysverslaggewer.

“Op Prins Albert het ek met vroue begin gesels. Oor hul kinders, hul mans, behuising, werk, geld, huishoudelike geweld. Dis dan dat jy eers werklik begin begryp hoe dié vroue mekaar ondersteun, wat hul lyding werklik behels. En jy begin hul humor verstaan.”

“Ons het gepraat oor Pamela Jooste se boek *Dance with a Poor Man’s Daughter*, en hy het opgemerk dat die sterk karakters in die boek almal vroue is. Dat Pamela, deur hulle, die werklikheid van die Kaapse Vlakte vasgevang het. Ek het lank daarvoor gedink. Dit het beslis ’n invloed gehad op die ontwikkeling van my vrouekarakters.

“Op Prins Albert het ek met vroue begin gesels. Oor hul kinders, hul mans, behuising, werk, geld, huishoudelike geweld. Dis dan dat jy eers werklik begin begryp hoe dié vroue mekaar ondersteun, wat hul lyding werklik behels. En jy begin hul humor verstaan.”

“Die skilpadtema in my jongste Karoo-boek is gebore uit ’n ware gebeurtenis in Prins Albert toe twee kinders ’n ou skilpad doodgemaak het. Dit was só ’n skokkende en gewelddadige daad deur twee mense wat self so kwesbaar is dat ek gewonder het hoe goedheid mense se lewens kan verander. As dié kinders onder ’n ferm hand grootgeword het, sou dít dié geweld gekeer het? Sou hulle dan die weerloosheid van die dier gesien het en medelye met hom gehad het?” Dit was ’n onderwyseres aan die Zeekoegat VGK Primary School wat haar gewys het hoe liefde kinders wél kan verander, sê Campbell.

“Dan was daar die karretjie-oom wat my vertel het hy maak nooit ’n skilpad dood nie, omdat dit so maklik is om hulle te vang. Hy het gesê ’n skilpad huil net één traan in sy lewe, en dis wanneer hy doodgaan. Hy wil nie vir daardie traan verantwoordelik wees nie.”